

Dokumentêre vereistes ten opsigte van 'n huwelik

Die huweliksbevestiging moet ten opsigte van die volgende stukke die oorspronklike dokumente sien (identiteitsdokument, paspoort, egskeidingsbevel, ensovoorts).

Die huweliksbevestiging moet TWEE afskrifte van elke dokument hou. Indien u self die afskrifte wil maak, is dit uiters noodsaaklik dat dit baie duidelike afskrifte moet wees (die strepskodes moet byvoorbeeld elektronies gelees kan word) – so nie maak die huweliksbevestiging self die afskrifte. Maar selfs al het u self die duplikate gemaak, MOET die huweliksbevestiging steeds die oorspronklike dokumente voor die huwelik sien.

MAN se GROEN Suid-Afrikaanse identiteitsdokument.
VROU se GROEN Suid-Afrikaanse identiteitsdokument.

GETUIE EEN se GROEN Suid-Afrikaanse identiteitsdokument.
GETUIE TWEE se GROEN Suid-Afrikaanse identiteitsdokument.

DRIE foto's van die bruid (Paspoort-tipe). Sien riglyn van Binnelandse Sake.
DRIE foto's van die bruidegom (Paspoort-tipe). Sien riglyn van Binnelandse Sake.

Vingerafdrukke, soos vereis deur die Departement van Binnelandse Sake sal deur die Huweliksbevestiging in die register aangebring word.

Slegs Indien van toepassing

Brief (sertifikaat) van 'n prokureur wat bevestig dat hy 'n huweliksvoorwaardekontrak vir die egpaar opgestel het.

Die EGSKEIDINGSBEVEL (Nie die skikkingsooreenkoms nie). Hierdie bevel MOET die twee partye se volle **name** en hulle **identiteitsnommers** bevat. Dit moet ook die grifier van die hof (wat die bevel uitgereik het) se **kantoorstempel** en **handtekening** bevat.

Die STERFTESERTIFIKAAT van die oorlede egliede.

Slegs van toepassing op 'n bruid of bruidegom uit die buiteland wat NIE 'n Suid-Afrikaanse identiteitsdokument het NIE

GELDIGE Paspoort en Visum (Afskrifte van albei moet gemaak word)

Vorm BI-31 van die Departement van Binnelandse Sake (die huweliksbevestiging sal die Vorm voltooi en beëdig).

'n Amptelike bewys van huwelikstatus vanaf die betrokke persoon se konsulaat of ambassade.

Slegs van toepassing op minderjariges (onder 18)

Vorm BI-32 van die Departement van Binnelandse Sake.